basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## REKENINGKUNDE V2

## NOVEMBER 2025

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye, 'n formuleblad en 'n 11 bladsy-antwoordeboek.**

Kopiereg voorbehou

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | Versoenings | 40 | 30 |
| **2** | Voorraadwaardasie | 35 | 30 |
| **3** | Kosterekeningkunde | 35 | 30 |
| **4** | Begrotings en Probleemoplossing | 40 | 30 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

## VRAAG 1: VERSOENINGS (40 punte; 30 minute)

### 1.1 BANKVERSOENING

Die inligting het betrekking op Duma Winkels op 31 Julie 2025. Die eienaar van die besigheid is Duma Mathupha. Hulle gebruik die amptelike Bankstaat, ontvang op die 28ste van elke maand, om hulle Kontantjoernale te versoen.

**GEVRA:**

1.1.1 Voltooi die gegewe tabel in die ANTWOORDEBOEK deur die inskrywings te toon wat op 31 Julie 2025 in die Kontantjoernale geboekstaaf moet word. (10)

1.1.2 Berei die Bankversoeningstaat op 31 Julie 2025 voor. (7)

1.1.3 Identifiseer TWEE probleme (met syfers) met die bestuur van kontant by Duma Winkels. Verskaf in ELKE geval 'n ander oplossing vir hoe hierdie probleme in die toekoms voorkom kan word. (6)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel uit die Bankversoeningstaat op 30 Junie 2025:**

| | | |
|---|---|---|
| Uitstaande deposito's: | Gedateer 29 Junie 2025 | R132 000 |
| | Gedateer 30 Junie 2025 | R18 600 |
| Uitstaande EFO's: | EFO 124 (Typek Skryfbehoeftes) | R5 310 |
| | EFO 125 (Cola Winkels) | R9 990 |

**B. Voorlopige totale in die Kontantjoernale op 31 Julie 2025 voordat die Bankstaat ontvang is:**

| Kontantontvangstejoernaal | Kontantbetalingsjoernaal |
|---|---|
| R162 000 | R55 200 |

**C. Items op die Bankstaat wat nie ooreenstem met die Julie 2025 Kontantjoernale nie:**

| Datum | | Besonderhede | Debiet R | Krediet R |
|---|---|---|---|---|
| 2025 Junie | 29 | Deposito | | 132 000 |
| | 30 | Deposito | | 8 600 |
| 2025 Julie | 3 | EFO 124 (Typek Skryfbehoeftes) | 3 150 | |
| | 5 | EFO 125 (Cola Winkels) | 9 990 | |
| | 10 | Direkte deposito (Q Ngcobo) | | 16 500 |
| | 15 | Debietorder (Prime Versekeraars) | 2 700 | |
| | 15 | Debietorder (Prime Versekeraars) | 2 700 | |
| | 25 | Rente | 975 | |
| | | Diensgelde | 605 | |
| | 28 | A–Z Verskaffers | 12 000 | |

(i) Die interne ouditeur het ontdek dat die ondersteunende kontantstrokies R18 600 vir die deposito op 30 Junie 2025 beloop het. Die tekort is oninbaar aangesien die kassiere van daardie tyd bedank het.

(ii) EFO 124 op 3 Julie 2025 (Typek Skryfbehoeftes) is korrek op die Bankstaat.

(iii) Die direkte deposito op 10 Julie 2025 deur Q Ngcobo ('n huurder) is foutiewelik in die Kontantbetalingsjoernaal aangeteken.

(iv) Die debietorder op 15 Julie 2025 aan Prime Versekeraars vir die besigheidversekering is twee keer geprosesseer weens onvoldoende fondse in Junie. Hierdie bedrae dek beide Junie en Julie 2025 se betalings om die rekening op datum te bring.

(v) 'n Bank-oordrag op 28 Julie 2025 ten gunste van A–Z Verskaffers is met R11 000 deur die bankklerk oorbereken. Die bank is in kennis gestel en sal die fout in Augustus 2025 regstel.

**D. Inskrywings in die Kontantjoernale vir Julie 2025 wat nie op die Julie 2025 Bankstaat verskyn het nie:**

- Deposito op 30 Julie 2025: R41 850
- EFO 207: R7 650
- EFO 208: R10 800

**E.** Duma, die eienaar, het op 29 Julie 2025 die besigheid se debietkaart gebruik vir die betaling van R13 000 aan Star Motors vir herstelwerk aan die maatskappyvoertuig, maar hy het nagelaat om die transaksiestrokie by die boekhouer in te dien.

**F.** Die Bankstaat op 28 Julie 2025 het 'n gunstige saldo van R119 080 getoon.

1.2 **KREDITEUREVERSOENING**

Portia Gina is die eienaar van PG Winkels en sy koop goedere op krediet by Matsulu Verskaffers. Die rekeningstaat ontvang van Matsulu Verskaffers toon 'n saldo van R287 600 vir Junie 2025.

1.2.1 Gebruik die tabel in die ANTWOORDEBOEK om aan te dui hoe die toepaslike saldo's sal verander wanneer die Krediteureversoening opgestel word. Toon die bedrag, sowel as 'n (+) vir toename en 'n (–) vir afname. (11)

1.2.2 Die aankoopbestuurder van PG Winkels het ses stoele vir die kantore bestel. Sy vriend Mike, die verkoopsbestuurder van Comfy Verskaffers, het PG Winkels R30 000 per stoel op versoek van die aankoopbestuurder gefaktureer. Die interne ouditeur het ontdek dat die werklike prys van die stoele R7 500 elk is.

- Verduidelik hoe die besigheid kan voorkom dat hierdie probleem in die toekoms gebeur, die verdeling van pligte uitgesluit. Verskaf TWEE punte. (4)

- Hoe kan daar teen die aankoopbestuurder opgetree word, behalwe om hom af te dank? Verskaf EEN punt. (2)

**INLIGTING:**

**A. Krediteuregrootboekrekening van PG Winkels:**

| Krediteuregrootboek van PG Winkels | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Matsulu Verskaffers** | | | | | | |
| **Datum** | | **Besonderhede** | **Fol.** | **Debiet R** | **Krediet R** | **Saldo R** |
| 2025 | 1 | Saldo | a/b | | | 135 000 |
| Junie | 12 | Faktuur 320 | | | 162 000 | |
| | 14 | EFO | | 67 500 | | |
| | 19 | Debietnota 785 | | 13 680 | | |
| | 20 | Faktuur 412 | | | 50 000 | |
| | 23 | Faktuur 471 | | | 100 500 | |
| | 24 | Debietnota 1106 | | | 16 200 | |
| | 28 | Faktuur 681 | | | 42 000 | |
| | 29 | EFO en korting | | 154 380 | | 270 140 |

**B. 'n Vergelyking van die Krediteuregrootboek met die rekeningstaat ontvang van Matsulu Verskaffers, het die volgende verskille getoon:**

(i) Debietnota 785 is foutiewelik na die Krediteuregrootboek oorgeboek. Die staat toon die korrekte bedrag van R17 280.

(ii) Faktuur 471 is foutiewelik as R40 500 op die staat van Matsulu Verskaffers geboekstaaf.

(iii) Die transaksie op 24 Junie 2025 in die Krediteuregrootboek is vir handelsware wat aan Matsulu Verskaffers teruggestuur is.

(iv) Die staat het rente gehef van R1 080 getoon. Die korrekte bedrag rente is R1 410. Geen inskrywing is in die Krediteuregrootboek gemaak nie.

(v) Die staat toon transaksies tot en met 25 Junie 2025.

(vi) Alle ander transaksies in die Krediteuregrootboek geboekstaaf, verskyn korrek in die rekeningstaat ontvang van Matsulu Verskaffers.

**40**

## VRAAG 2: VOORRAADWAARDASIE (35 punte; 30 minute)

### 2.1 SUPERSAVERS SUPERMARK

Die volgende inligting is uit die rekeningkundige rekords van Supersavers Supermark geneem ten opsigte van gegeurde sap (2 liter-bottels) wat hulle verkoop. Die eerste-in-eerste-uit(EIEU)-voorraadwaardasiemetode word toegepas. Die besigheid word deur Bryan Mills bestuur. Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2025 geëindig.

**GEVRA:**

2.1.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 28 Februarie 2025 deur die EIEU-metode te gebruik. (7)

2.1.2 Bryan het gemerk dat sommige van die voorraad gegeurde sappe hulle raklewe (vervaldatum) van 65 dae oorskry het. Identifiseer die waarde van die voorraad waarna Bryan verwys deur die EIEU-voorraadwaardasiemetode te gebruik. (2)

2.1.3 Hoe kan Bryan die voorraad gegeurde sap bestuur om verliese wat die besigheid gely het, te vermy? Verskaf TWEE punte. (4)

**INLIGTING:**

**A. Saldo's:**

| DATUM | GETAL EENHEDE | TOTAAL R |
|---|---|---|
| 1 Maart 2024 | 630 | |
| 28 Februarie 2025 | 980 | **?** |

**B. Aankope en terugsendings gedurende die jaar:**

| | GETAL EENHEDE | EENHEIDSPRYS R | TOTAAL R |
|---|---|---|---|
| **Aankope** | **10 500** | | **358 250** |
| Maart–November 2024 | 6 900 | 32 | 220 800 |
| Desember 2024 | 2 600 | 37 | 96 200 |
| Januarie 2025 | 150 | 37 | 5 550 |
| Februarie 2025 | 850 | 42 | 35 700 |
| | | | |
| Terugsendings | 32 | **?** | 1 344 |

**C. Verkope:**

10 118 eenhede is teen R47 per bottel verkoop: R475 546

2.2 **BANDURA DRUKKERS**

Bandura Drukkers verkoop verskillende modelle drukkers. Die eienaar van die besigheid is Moses Banda. Moses het besluit om 'n nuwe model (Clear View) in Februarie 2025 bekend te stel. Die drukkers word gewaardeer deur die spesifieke identifikasiemetode te gebruik. Die finansiële jaar het op 30 Junie 2025 geëindig.

**GEVRA:**

2.2.1 **Rotrim-model:**

Bereken die waarde van die eindvoorraad op 30 Junie 2025 deur die spesifieke identifikasiemetode te gebruik. (4)

2.2.2 **Punchies-model:**

- Bereken die voorraadhoudingsperiode (in dae) deur die eindvoorraad te gebruik. (5)
- Lewer kommentaar op die voorraadhoudingsperiode. Verskaf EEN punt, met syfers. Die voorraadhoudingsperiode vir die jaar geëindig 30 Junie 2024 was 69 dae. (2)

2.2.3 **Clear View-model:**

- Alhoewel daar terugsendings vir die Clear View-model was, is Moses baie tevrede met sy besluit om dit as 'n nuwe model bekend te stel. Verskaf TWEE punte (met syfers) om te verduidelik waarom Moses tevrede is. (4)
- Moses wil die aantal eenhede wat aan die verskaffers teruggestuur word, verminder. Gee EEN voorstel oor hoe om dit te bereik. (2)

**INLIGTING:**

**A. Beginvoorraad:**

| DATUM | MODEL | GETAL EENHEDE | EENHEIDSPRYS R | TOTAAL R |
|---|---|---|---|---|
| 1 Julie 2024 | Rotrim | 30 | 15 500 | 465 000 |
| | Punchies | 25 | 22 300 | 557 500 |
| | | | | 1 022 500 |

**B. Aankope en terugsendings:**

| DATUM | MODEL | GETAL EENHEDE | EENHEIDSPRYS R | TOTAAL R |
|---|---|---|---|---|
| **Aankope:** | | | | |
| Sept. 2024 | Rotrim | 90 | 15 500 | 1 395 000 |
| Nov. 2024 | Punchies | 110 | 22 300 | 2 453 000 |
| Feb. 2025 | Clear View | 90 | 35 000 | 3 150 000 |
| **Terugsendings:** | | | | |
| Feb. 2025 | Clear View | 15 | 35 000 | (525 000) |
| **Netto aankope** | | | | **6 473 000** |

**C. Verkope vir die jaar geëindig 30 Junie 2025:**

| MODEL | GETAL EENHEDE | EENHEIDSPRYS R | TOTAAL R |
|---|---|---|---|
| Rotrim | 79 | 21 700 | 1 714 300 |
| Punchies | | | 3 108 000 |
| Clear View | 65 | 49 000 | 3 185 000 |
| **Totale verkope** | | | **8 007 300** |

**D. Eindvoorraad:**

| DATUM | MODEL | TOTAAL R |
|---|---|---|
| 30 Junie 2025 | Rotrim | **?** |
| | Punchies | 780 500 |
| | Clear View | 350 000 |
| | | **?** |

## 2.3 BESTUUR VAN VOORRADE

Jy word voorsien van inligting uit die boeke van Madrid Elektriese Waaiers Verskaffers. Robin Madrid is die eienaar van die besigheid. Hulle verkoop elektriese waaiers en yskaste aan huishoudings in Middelburg. Die finansiële jaar het op 30 September 2025 geëindig.

**GEVRA:**

2.3.1 **Elektriese waaiers:**

- Identifiseer die besluit wat Robin oor die elektriese waaiers geïmplementeer het. (1)
- Verduidelik hoe hierdie besluit 'n positiewe gevolg vir die besigheid gehad het. Verskaf EEN punt, met syfers. (2)

2.3.2 **Yskaste:**

Robin het die handelsmerk van yskaste wat hy verkoop, verander. Verskaf EEN punt, met syfers, om te toon dat dit nie 'n goeie idee was nie. (2)

**INLIGTING:**

| | ELEKTRIESE WAAIERS | | YSKASTE | |
|---|---|---|---|---|
| | **2025** | **2024** | **2025** | **2024** |
| Totale verkope | R137 700 | R112 000 | R2 418 750 | R5 161 500 |
| Bruto wins | R61 200 | R42 000 | R806 250 | R1 720 500 |
| Verkoopprys per eenheid | R270 | R200 | R5 625 | R6 975 |
| Kosprys per eenheid | R150 | R125 | R3 750 | R4 650 |
| Eenhede beskikbaar om te verkoop | 750 | 600 | 960 | 820 |
| Eenhede verkoop | 510 | 560 | 430 | 740 |
| Winsopslag-% | 80% | 60% | 50% | 50% |

**35**

**VRAAG 3: KOSTEREKENINGKUNDE (35 punte; 30 minute)**

3.1 **LOCKSMITH VERVAARDIGERS**

Die besigheid vervaardig veiligheidsbaadjies. Hulle finansiële jaar het op 28 Februarie 2025 geëindig.

**GEVRA:**

3.1.1 Voltooi die Fabrieksbokoste-nota. (16)

3.1.2 Bereken die koste van produksie van klaarprodukte vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025. (4)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel uit saldo's:**

| | **28 Feb. 2025**<br>**R** | **29 Feb. 2024**<br>**R** |
|---|---|---|
| Fabriekstoerusting | 5 400 000 | **?** |
| Opgehoopte waardevermindering op fabriekstoerusting | **?** | 1 680 000 |
| Goedere-in-bewerking-voorraad | 93 000 | 125 000 |

**B. Opsomming van totale vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025:**

| | **R** |
|---|---|
| Primêre koste | 6 025 000 |
| Water en elektrisiteit | 915 000 |
| Versekering | 78 000 |
| Huuruitgawe | 240 400 |
| Advertensies | 380 000 |
| Ander fabrieksuitgawes | 737 010 |

**C. Addisionele inligting en aansuiwerings:**

- 75% van die water en elektrisiteit moet aan die fabriek toegeken word. Die res moet gelykop tussen die ander afdelings verdeel word.
- Versekering sluit 'n addisionele premie van R10 800 in, wat vir die tydperk van 1 Desember 2024 tot 30 November 2025 betaal is. Hierdie uitgawe moet in die verhouding 3 **:** 2 tussen die fabriek en die verkoopsafdeling toegeken word.

- Locksmith Vervaardigers huur hulle perseel by Dynamic Eiendomme teen 'n vaste tarief per m$^2$. Locksmith Vervaardigers moes, weens uitbreidings, vanaf 1 Oktober 2024 addisionele ruimte slegs vir die fabriek teen dieselfde vaste tarief per m$^2$ huur. Die toepaslike vloerspasie vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025 was soos volg:

| | **1 Mrt. 2024 tot 30 Sept. 2024** | **1 Okt. 2024 tot 28 Feb. 2025** |
|---|---|---|
| Fabriek | 200 m$^2$ | 225 m$^2$ |
| Ander afdelings | 40 m$^2$ | 40 m$^2$ |
| **Totaal** | **240 m$^2$** | **265 m$^2$** |

- Maak voorsiening vir waardevermindering op fabriekstoerusting teen 20% p.j. volgens die verminderdesaldo-metode.

**LET WEL:** Nuwe fabriekstoerusting wat R684 000 kos, is op 1 November 2024 geïnstalleer. Dit is behoorlik geboekstaaf.

3.2 **PICASO VERVAARDIGERS**

Picaso Vervaardigers is 'n besigheid wat selfoonskerm-beskermers ('screen covers') en selfoonhouers ('cases') vervaardig. Dawn Mthembu is die eienaar van die besigheid. Die finansiële jaar eindig elke jaar op 31 Augustus.

**LET WEL:** Waar kommentaar of verduidelikings gevra word, moet jy:

- Bewerkings, syfers en/of tendense aanhaal
- 'n Rede of 'n verduideliking in ELKE geval gee

**GEVRA:**

**SELFOONHOUERS**

3.2.1 Bereken die gelykbreekpunt op 31 Augustus 2025. (4)

3.2.2 Lewer kommentaar daarop of Dawn tevrede moet wees met die getal eenhede geproduseer en verkoop. Verskaf EEN punt, met syfers. (2)

3.2.3 Dawn is bekommerd oor 'n vastekoste-item wat swak beheer is ten spyte van die verlaging in die vaste koste per eenheid in 2025.

Identifiseer die vastekoste-item (met syfers) wat swak beheer is. Gee 'n moontlike rede vir hierdie bekommernis. (3)

**SELFOONSKERM-BESKERMERS**

3.2.4 **Veranderlike koste per eenheid:**

Identifiseer die volgende:

- Veranderlikekoste-item (met syfers) wat swak beheer is. Gee raad oor hoe om die beheer oor hierdie koste-item te verbeter. (3)
- Veranderlikekoste-item (met syfers) wat goed beheer is. Verduidelik hoe hierdie item goed beheer is. (3)

**INLIGTING:**

| | **SELFOONHOUERS** | | **SELFOONSKERM-BESKERMERS** | |
|---|---|---|---|---|
| | **31 Aug. 2025** | **31 Aug. 2024** | **31 Aug. 2025** | **31 Aug. 2024** |
| Gelykbreekpunt | **?** | 20 000 | | |
| Eenhede geproduseer en verkoop | 28 750 | 25 000 | | |
| Verkoopprys per eenheid | R265 | R250 | R152 | R140 |
| **Totale vaste koste per eenheid** | **R80** | **R92** | **R78** | **R63** |
| Fabrieksbokoste | R34 | R50 | R47 | R38 |
| Administratiewe koste | R46 | R42 | R31 | R25 |
| **Totale veranderlike koste per eenheid** | **R146** | **R135** | **R68** | **R55** |
| Direkte materiaalkoste | R73 | R67 | R38 | R24 |
| Direkte arbeidskoste | R52 | R49 | R20 | R22 |
| Verkoop- en verspreidingskoste | R21 | R19 | R10 | R9 |

**LET WEL:** Geen werkers is uit diens gestel nie en geen oortyd is gewerk nie.

**35**

**VRAAG 4: BEGROTINGS EN PROBLEEMOPLOSSING (40 punte; 30 minute)**

4.1 **VIVAN HANDELAARS**

Inligting is voorsien vir die begrotingsperiode eindigend 31 Januarie 2026.

**GEVRA:**

4.1.1 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule vir Januarie 2026. (6)

4.1.2 Bereken die bedrae aangedui deur **(i)** tot **(iv)** in die uittreksel uit die Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste. (13)

4.1.3 Bereken die volgende vir Januarie 2026:

- Kontantaankope van handelsvoorraad (3)
- Betalings aan krediteure (2)

4.1.4 Bereken die bedrag van die vaste deposito wat op 31 Januarie 2026 sal verval. (4)

**INLIGTING:**

**A. Verkope en aankope:**

| | NOVEMBER | DESEMBER | JANUARIE |
|---|---|---|---|
| Totale verkope | R1 925 000 | R1 995 000 | R2 030 000 |
| Koste van verkope | R1 203 125 | R1 246 875 | **?** |

- Kredietverkope is verantwoordelik vir 75% van totale verkope.
- Debiteure betaal volgens die volgende tendense:
  - 30% in die maand van verkope, onderhewig aan 4%-korting
  - 50% in die maand wat volg op die maand van verkope
  - 14% twee maande ná die maand van verkope
  - Die oorblywende bedrag sal in die derde maand ná verkope as oninbaar afgeskryf word.
- Die winsopslag is 60% op die kosprys.
- Voorraad word in die maand van verkope vervang. 'n Vastebasis-voorraadvlak word gehandhaaf.
- 20% van voorraad word kontant aangekoop.
- Krediteure word ten volle betaal in die tweede maand ná die maand van aankope.

**B. Uittreksel uit die Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste:**

| | Des. 2025<br>R | Jan. 2026<br>R |
|---|---|---|
| Verkope | 1 995 000 | 2 030 000 |
| Oninbare skuld | 78 600 | **(i)** |
| Salaris: verkoopsbestuurder | 29 000 | **(ii)** |
| Salarisse: assistente | **(iii)** | 88 000 |
| Advertensies | **(iv)** | 182 700 |
| Rente op vaste deposito | 0 | 5 440 |

**C. Addisionele inligting:**

- Die verkoopsbestuurder word vir 20 dae per maand teen 'n vaste daaglikse tarief betaal. Sy sal in Januarie 2026 vir vier dae onbetaalde verlof aansoek doen om aandag te gee aan persoonlike sake.

- Alle assistente sal in Desember 2026 'n 60%-bonus ontvang.

  **LET WEL:** Alle assistente sal op 1 Januarie 2026 hulle jaarlikse salarisverhoging van 10% ontvang.

- 'n Vaste deposito, die kwartaallikse rente ingesluit, sal op 31 Januarie 2026 verval. Die rentekoers is 8% p.j. kwartaalliks ontvangbaar. Rente word nie gekapitaliseer nie.

- Daar word vir advertensies teen 'n vaste persentasie van die maandelikse verkope begroot.

4.2 **WARMBAD HANDELAARS**

Die besigheid verkoop gasstowe en die inligting het betrekking op die periode September en Oktober 2025.

Dozer Moyo, die bestuurder, is beïndruk met Warmbad Handelaars se prestasie. Die besigheid het konsekwent beter presteer as die enigste mededinger in die gebied, Woodlands Handelaars, as gevolg van hulle groter kliëntebasis en omdat hulle kompeterend is. Woodlands Handelaars het besluit om hulle besigheid se deure in September 2025 te sluit. Gevolglik het Warmbad Handelaars die enigste verskaffers van gasstowe in die gebied geword.

**GEVRA:**

4.2.1 Verduidelik waarom dit belangrik is om die begrote syfers met die werklike syfers te vergelyk. Verskaf EEN punt. (2)

4.2.2 **Verlies van verkope:**

- Die aantal eenhede wat in Oktober verkoop is, het afgeneem. Gee 'n rede, met syfers, vir hierdie afname. (2)
- Verskaf 'n berekening om die bedrag kontant wat met die verkope van Oktober 2025 in vergelyking met September 2025 verlore gegaan het, te toon. (2)

4.2.3 Noem TWEE voordele wat Warmbad Handelaars sal verbeur indien hulle nie in Oktober 2025 hulle finansiële verpligtinge teenoor verskaffers nakom nie. (2)

4.2.4 **Vergoeding aan werknemers:**

- Gee EEN rede waarom Dozer gedurende September 2025 sy werknemers met kommissie beloon het. Haal syfers aan. (2)
- Gee EEN rede waarom die werkers nie met die hersiene vergoedingsbeleid tevrede sal wees nie. Haal syfers aan. (2)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel uit die Kontantbegroting:**

| | **Sept. 2025** | | **Okt. 2025** | |
|---|---|---|---|---|
| | **BEGROTE R** | **WERKLIKE R** | **BEGROTE R** | **WERKLIKE R** |
| Invordering van debiteure | 95 456 | 95 456 | 97 784 | 97 784 |
| Betalings aan krediteure | 320 000 | 306 000 | 306 000 | 61 200 |
| Salarisse | 38 400 | 38 400 | 27 000 | 27 000 |
| Kommissie op verkope | 0 | 3 900 | 4 500 | 4 500 |
| | | | | |
| Kontantsurplus/-tekort | 63 800 | 98 950 | 80 120 | (72 400) |
| Beginsaldo | 103 000 | 120 000 | 166 800 | 218 950 |
| Eindsaldo | 166 800 | 218 950 | 246 920 | 146 550 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Eenhede verkoop | 90 | 124 | 90 | 61 |
| Verkoopprys per eenheid | R1 600 | R1 600 | R2 480 | R2 480 |

**B. Addisionele inligting:**

- Die besigheid begroot om 90 stowe per maand te verkoop.
- Krediteure word een maand ná die aankoop betaal, onderhewig aan 'n 4%-korting.
- Die besigheid het drie werknemers.
- Dozer het besluit om vanaf Oktober 2025 kommissie op verkope en 'n verlaagde maandelikse salaris in te stel.

**40**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

| GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins ná belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handels- & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 1 hieronder.) | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 2 hieronder.) |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (Sien Nota 3 hieronder.) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**NOTA:**
1. Handelsvoorraad aan die einde van 'n finansiële jaar kan gebruik word as dit in 'n vraag vereis word. 365 dae is slegs van toepassing indien dit op die hele jaar betrekking het.
2. Kredietaankope kan gebruik word in plaas van koste van verkope (syfers sal dieselfde wees indien voorraad konstant is).
3. Indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou

PLAKKER

**SENTRUMNOMMER**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# REKENINGKUNDE V2

# GRAAD 12

# NOVEMBER 2025

## *SPESIALE ANTWOORDEBOEK*

| VRAAG | PUNTE | PARAAF | MOD. |
|---|---|---|---|
| 1 | | | |
| 2 | | | |
| 3 | | | |
| 4 | | | |
| TOTAAL | | | |

**Hierdie antwoordeboek bestaan uit 11 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 1**

**1.1 BANKVERSOENING**

**1.1.1 KONTANTJOERNALE OP 31 JULIE 2025:**

| Kontantontvangstejoernaal |
|---|
| R162 000 |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

| Kontantbetalingsjoernaal |
|---|
| R55 200 |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

| |
|---|
| 10 |

**1.1.2 Kies slegs EEN templaat hieronder om die vraag te beantwoord.**

**TWEEKOLOM-METODE:**

| BANKVERSOENINGSTAAT OP 31 JULIE 2025 | | |
|---|---|---|
| | **Debiet** | **Krediet** |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

| |
|---|
| 7 |

**OF**

**EENKOLOM-METODE:**

| BANKVERSOENINGSTAAT OP 31 JULIE 2025 | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

| |
|---|
| 7 |

**1.1.3** **Identifiseer TWEE probleme (met syfers) met die bestuur van kontant by Duma Winkels. Verskaf in ELKE geval 'n ander oplossing vir hoe hierdie probleme in die toekoms voorkom kan word.**

| Probleem met syfers | Oplossing |
|---|---|
| | |
| | |

| |
|---|
| |
| **6** |

**1.2 KREDITEUREVERSOENING**

**1.2.1**

| | Krediteuregrootboek-rekening van Matsulu Verskaffers | Rekeningstaat |
|---|---|---|
| **Foutiewe saldo** | **270 140** | **287 600** |
| **(i)** | | |
| **(ii)** | | |
| **(iii)** | | |
| **(iv)** | | |
| **(v)** | | |
| **(vi)** | | |
| | | |

| |
|---|
| |
| **11** |

**1.2.2** **Verduidelik hoe die besigheid kan voorkom dat hierdie probleem in die toekoms gebeur, die verdeling van pligte uitgesluit. Verskaf TWEE punte.**

| |
|---|
| |
| **4** |

**Hoe kan daar teen die aankoopbestuurder opgetree word, behalwe om hom af te dank? Verskaf EEN punt.**

| |
|---|
| |
| **2** |

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| **40** |

## VRAAG 2

### 2.1 SUPERSAVERS SUPERMARK

2.1.1 **Bereken die waarde van die eindvoorraad op 28 Februarie 2025, deur die EIEU-metode te gebruik.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| | |

7

2.1.2 **Bryan het gemerk dat sommige van die voorraad gegeurde sappe hulle raklewe (vervaldatum) van 65 dae oorskry het. Identifiseer die waarde van die voorraad waarna Bryan verwys deur die EIEU-voorraad-waardasiemetode te gebruik.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| | |

2

2.1.3 **Hoe kan Bryan die voorraad gegeurde sap bestuur om verliese wat die besigheid gely het, te vermy? Verskaf TWEE punte.**

4

## 2.2 BANDURA DRUKKERS

### 2.2.1 Rotrim-model:

| **Bereken die waarde van die eindvoorraad op 30 Junie 2025 deur die spesifieke identifikasiemetode te gebruik.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **4** |

### 2.2.2 Punchies-model:

| **Bereken die voorraadhoudingsperiode (in dae) deur die eindvoorraad te gebruik.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **5** |

| **Lewer kommentaar op die voorraadhoudingsperiode. Verskaf EEN punt, met syfers. Die voorraadhoudingsperiode vir die jaar geëindig 30 Junie 2024 was 69 dae.** |
|---|
| |

| |
|---|
| |
| **2** |

### 2.2.3 Clear View-model:

| **Alhoewel daar terugsendings vir die Clear View-model was, is Moses baie tevrede met sy besluit om dit as 'n nuwe model bekend te stel. Verskaf TWEE punte (met syfers) om te verduidelik waarom Moses tevrede is.** |
|---|
| |

| |
|---|
| |
| **4** |

| **Moses wil die aantal eenhede wat aan die verskaffers teruggestuur word, verminder. Gee EEN voorstel oor hoe om dit te bereik.** |
|---|
| |

| |
|---|
| |
| **2** |

## 2.3 BESTUUR VAN VOORRADE

### 2.3.1 Elektriese waaiers:

| Identifiseer die besluit wat Robin oor die elektriese waaiers geïmplementeer het. | 1 |
|---|---|
| Verduidelik hoe hierdie besluit 'n positiewe gevolg vir die besigheid gehad het. Verskaf EEN punt, met syfers. | 2 |

### 2.3.2 Yskaste:

| Robin het die handelsmerk van yskaste wat hy verkoop, verander. Verskaf EEN punt, met syfers, om te toon dat dit nie 'n goeie idee was nie. | 2 |
|---|---|

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 35 |

## VRAAG 3

### 3.1 LOCKSMITH VERVAARDIGERS

### 3.1.1 FABRIEKSBOKOSTE-NOTA

| | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| **Ander fabrieksuitgawes** | **737 010** |
| | |

**16**

**3.1.2**

| **Bereken die koste van produksie van klaarprodukte vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

**4**

### 3.2 PICASO VERVAARDIGERS

**SELFOONHOUERS**

**3.2.1**

| **Bereken die gelykbreekpunt op 31 Augustus 2025.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

**4**

**3.2.2**

| **Lewer kommentaar daarop of Dawn tevrede moet wees met die getal eenhede geproduseer en verkoop. Verskaf EEN punt, met syfers.** |
|---|
| |

**2**

3.2.3

| **Identifiseer die vastekoste-item (met syfers) wat swak beheer is. Gee 'n moontlike rede vir hierdie bekommernis.** | |
|---|---|
| **KOSTE-ITEM** | **REDE VIR KOMMER** |
| | |

| |
|---|
| |
| 3 |

**SELFOONSKERM-BESKERMERS**

3.2.4

| **Veranderlikekoste-item (met syfers) wat swak beheer is. Gee raad oor hoe om die beheer oor hierdie koste-item te verbeter.** | |
|---|---|
| **KOSTE-ITEM** | **RAAD** |
| | |
| **Veranderlikekoste-item (met syfers) wat goed beheer is. Verduidelik hoe hierdie item goed beheer is.** | |
| **KOSTE-ITEM** | **REDE** |
| | |

| |
|---|
| |
| 3 |

| |
|---|
| |
| 3 |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **35** |

**VRAAG 4**

**4.1 VIVAN HANDELAARS**

**4.1.1 DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE:**

| MAAND | KREDIET-VERKOPE R | DESEMBER 2025 R | JANUARIE 2026 R |
|---|---|---|---|
| Oktober 2025 | 1 417 500 | 198 450 | |
| November 2025 | 1 443 750 | 721 875 | |
| Desember 2025 | 1 496 250 | 430 920 | |
| Januarie 2026 | | | |
| ONTVANGSTE VAN DEBITEURE | | 1 351 245 | |

6

